*Sondag* **12 Oktober**

**Skrifgedeelte: Johannes 3:1-18**
**Fokusgedeelte: Johannes 3:13; HK, Vraag 48**

**Kan ’n mens die water van die oseaan in ’n emmer gooi?**

Kan ’n mens die water van die oseaan in ’n emmer gooi? Natuurlik nie! Net so kan ’n mens ook nie die Godheid van Jesus tot sy aangenome menslike natuur beperk nie. Die Godheid van Jesus is wel in sy menslike natuur en is daarmee verenig, maar dit is ook daarbuite. In sy Godheid is Hy alomteenwoordig, in die hemel en op die aarde.

Onthou, Jesus Christus is van ewigheid af gebore as die Seun van God. Hy is een wese met die Vader, in alles aan Hom gelyk en Hy is die afskynsel van sy heerlikheid (vgl. NGB, art 10). Sy Godheid is baie meer en groter as sy aangenome menslike natuur, maar nooit word die nature van Jesus van mekaar geskei nie.

Jesus en Nikodemus, die leermeester van Israel, was in gesprek met mekaar oor die wedergeboorte. Nikodemus kon nie verstaan hoe iemand opnuut gebore kan word nie en dat dit iets is wat deur die Gees van God in die mens bewerk word nie. Dit kan alleen bewerk word deur Iemand wat uit die hemel gekom het, deur die menswording van die Seun van God. Alleen Hy was op die aarde en in die hemel (Joh 3:13), ware mens en God.

Dit is die troos van die evangelie. Ons Here Jesus is God en mens tegelyk. Hy is in die hemel en op die aarde. Hy is by die Vader in die hemel, maar ook hier op aarde by my, in my ouderdom en eensaamheid, in my beproewinge en swaarkry, in my blydskap en in my vreugde. In Hom glo ek met my hele hart, want Hy is alomteenwoordig!

*Sing: Skrifberyming 8-1:1*

*Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)*